| | |
|---|---|
| **FINANSIëLE REKENINGKUNDE 700**<br><br>**Seminaar RS 2 – Die Konsepsuele Raamwerk vir finansiële verslagdoening**<br><br>***PH Ferreira*** | **DEPARTEMENT REKENINGKUNDE**<br>**UP** |

## SEMINAAR RS 2

**Voorgeskrewe werke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Die Konsepsuele Raamwerk | – | IASB |
| 2. | GAAP Handbook Volume 1<br>- Hoofstuk 1 | – | Pretorius, **et al** |

| **Vrae:** | | **Tyd** |
|---|---|---|
| Vraag 1 | Advies - konsepsuele aspekte | ± 25 min |
| Vraag 2 | Erkenning van bates en laste | ± 40 min |
| Vraag 3 | Toekomstige bedryfsverliese | ± 8 min |
| Vraag 4 | Eksamenvraag 2008 (finansiële instrumente) | ± 12min |
| Vraag 5 | Status van professionele publikasies | ± 10 min |





## VRAE

### VRAAG 1

U is ‘n pasaangestelde werknemer van ASB (Afrika Suid Brouerye) en u het vinnig ‘n reputasie van ‘n finansiële fundi bekom. Die raad van direkteure het van u finansiële vermoëns te hore gekom en u advies gevra omtrent sekere rekeningkundige kwessies (uiteengesit hieronder), wat die finansiële jaar geëindig 30 Junie 20X4 raak.

**1. Handelsname**

Die voorsitter het pas die uitslag van marknavorsing ontvang, wat aandui dat die maatskappy se drie hooflagers (naamlik Carstall, Loin en Lambstill) die mees gesogte handelsname in die land is. Die voorsitter het ‘n onlangse artikel omtrent die rekeningkundige verantwoording van handelsname gelees en voel dat die handelsname op die staat van finansiële posisie erken behoort te word.

**2. Mediese fondsbydraes**

Die huidige praktyk van u maatskappy is om aan te hou om die maatskappy se deel van die mediesefonds-bydraes van afgetrede werknemers te betaal. Alhoewel die maatskappy nie wettig verplig is om na aftrede mediese sorg te finansier nie, is dit hul bedoeling om hierdie betalings te maak totdat afgetrede werknemers van die mediese fonds onttrek of te sterwe kom. Tot nou toe is ‘n voorsiening slegs geskep vir die mediesefonds-bydraes wat tans betaalbaar is.

**3. Faktorering van debiteure**

Die maatskappy het debiteure met ‘n drabedrag van R400 000 vir R360 000 kontant gefaktoreer. Ingevolge die ooreenkoms word alle kontantopbrengste van die debiteur aan die faktoreerder betaal en het die faktoreerder geen verhaalsreg in geval van ‘n debiteur wat nie betaal nie.

**VERLANG:**

a. Verskaf konsepsuele argumente waarom u van mening is dat handelsname op die staat van finansiële posisie gekapitaliseer moet word al dan nie. (7)

b. Beveel aan, met redes, wat die toepaslike konsepsuele hantering van toekomstige mediesefonds-bydraes van afgetrede werknemers is. (6)

c. Bespreek die rekeningkundige implikasies wat spruit uit die faktorering van debiteure. (4)

[BRON: KAAPSTAD KE-KURSUS 1995]

**VRAAG 2**

Mnr L Smith, die finansiële direkteur van een van u kliënte, het navraag gedoen of die volgende items erken kan word as bates of laste in die finansiële jaarstate:

a. 'n Groot advertensiekoste, waarvan verwag word dat die voordele in toekomstige jare na die maatskappy sal vloei.

b. Die maatskappy wil voorsiening maak vir toekomstige rekonstruksiekoste, byvoorbeeld verplasingskoste, personeelverminderings, huurkansellasiegelde, ens., aangesien 'n gedetailleerde rekonstruksieplan opgestel en deur die direksie goedgekeur is.

c. Koste om die mark vir 'n nuwe produk wat die maatskappy wil vervaardig na te vors.

d. Klandisiewaarde wat deur die maatskappy opgebou is as gevolg van produkte van 'n hoë kwaliteit.

e. Die bedrag waarmee die aankoopsprys van 'n besigheid wat bekom is, die billike waarde van die netto onderliggende bates oorskry.

f. Inkomste wat vooruit ontvang is met betrekking tot die lewering van sekere dienste.

g. 'n Voorsiening vir instandhoudingskoste met betrekking tot 'n bate wat elke twee jaar groot instandhouding vereis.

h. 'n Voorsiening vir waarborge wat vir 'n tydperk van twee jaar op 'n sekere produk verskaf word.

**VERLANG:**

Bespreek kortliks die erkenning van bogenoemde items as bates of laste aan die hand van die "Die Konsepsuele Raamwerk vir finansiële verslagdoening" en enige ander relevante rekeningkundige standpunte.

[BRON: CPH – AANGEPAS]

**VRAAG 3**

Protection Ltd is 'n maatskappy wat alarmstelsels vervaardig. Die maatskappy het op 1 Januarie 20X7 60% van die aandele in Respond Ltd gekoop. Daar word verwag dat Respond Ltd in 20X7 'n verlies van R2 miljoen sal ly, en die maatskappy daarna winsgewend sal wees. Die direkteure van Protection Ltd is van voorneme om in die gekonsolideerde finansiële state van Protection Ltd voorsiening te maak vir die verlies wat Respond Ltd na verwagting in 20X7 sal ly.

**VERLANG:**

Lewer kommentaar omtrent die direkteure van Protection Ltd se voorneme om voorsiening te maak vir die verlies wat Respond Ltd na verwagting in 20X7 sal ly. (5)

[BRON: QE Part I Paper II 1997 - AANGEPAS]





**VRAAG 4** **(8 punte)**

Op 1 Julie 2008, gedurende die jaar geëindig 31 Oktober 2008, het Met Bpk kumulatiewe voorkeuraandele aan 'n aantal individue uitgereik. Hierdie kumulatiewe voorkeuraandele moet almal op 30 Junie 2012 in gewone aandele omskep word. Die opbrengs met die uitreiking van die voorkeuraandele het R1 000 000 beloop, die dividendbetaling op die voorkeuraandele is R110 000 en dividende is verpligtend. Indien nie-omskepbare skuldbriewe uitgereik was instede van voorkeuraandele, sou die rentekoers op die skuldbriewe 15% gewees het.

**VERLANG:**

Bespreek hoe Met Bpk die bovermelde by **aanvanklike erkenning** moet verantwoord, indien u aanvaar dat daar aan die erkenningskriteria voldoen word. Motiveer u antwoord met verwysing na die Konsepsuele Raamwerk en nie individuele standpunte nie. U **moet nie** bedrae in u antwoord gebruik **nie**.

**VRAAG 5**

Verskaf kortliks 'n aanduiding van die status van die volgende professionele publikasies:

- IAS/ IFRS;
- SIC/ IFRIC;
- AC 500 reeks;
- Omsendbriewe; en
- Geopenbaarde konsepte.